

MIV envigs - die feite

Waar kom MIV en vigs vandaan?

Dit is nog onduidelik waar MIV en vigs begin het. Party mense beweer dat die eerste mens wat met MIV geïnfekteer is, het die virus van 'n sjimpanzee af gekry iewers in Sentraal Afrika tussen 1915 en 1941. Ander glo weer dat dit in die Belgiese Kongo begin het tydens besmette polio-entstof toetse in die 1950s. En dan is daar mense wat selfs glo dat MIV in 'n laboratorium 'geskep' is deur wetenskaplikes.

Sommige kenners glo dat MIV en vigs eerder van die ontwikkelde wêreld af versprei het na Afrika. Ander glo weer dat die siekte in Afrika begin het, en so wyd versprei het weens die kontinent se geskiedenis van onbehandelde seksueel oordraagbare infeksies (SOIs) en onbeskermdede seksuele praktyke.

Feit is, daar is nie bewyse om enige van hierdie teorieë te bewys nie.

Beskikbare inligting/aantal mense wat geraak word deur die siekte

Teen die einde van 1999 was 32,4 miljoen volwassenes en 1,2 kinders in die wêreld geïnfekteer met MIV. As gevolg van die pandemie is daar 11,2 miljoen vigswesies in die wêreld. Meer as 90% van hierdie wesies was babas wat MIV by hulle ma's gekry het. Byna nege tiendes van hierdie nuwe infeksies het in Afrika suid van die Sahara plaasgevind.

Omtrent 95% van die wêreld se MIV-geïnfekteerde mense bly in die ontwikkelende wêreld. Hierdie syfer gaan meer word namate infeksiesyfers styg in die lande wat deur armoede, swak gesondheidsorgstelsels, onbehandelde SOIs en TB, asook beperkte bronne vir behoorlike voorkoming en sorg geraak word.

Afrika suid van die Sahara is die streek in die wêreld wat die meeste geraak word. Sewentig persent van die wêreld se MIV-positiewe mense woon hier. Die meeste van hierdie mense sal binne die volgende tien jaar sterf - deel van die miljoene Afrikane wat alreeds in die pandemie omgekom het. Hierdie getalle sal na raming skerp styg binne die volgende dekade, tensy grootskaalse gedragsveranderings die loop van die pandemie verander.

Dit word geraam dat 360 000 mense gedurende 2001 gesterf het weens vigs. Die aantal vigswesies in Suid-Afrika is in 2001 op 660 000 geskat.

Op die oomblik vind net meer as 50 persent van alle nuwe infeksies in suidelike Afrika in Suid-Afrika plaas. Hiervolgens is omtrent 20 persent van alle Suid-Afrikaanse volwassenes (tussen 15 en 49 jaar oud) met MIV geïnfekteer - dit is meer as 5 miljoen mense. Dit word geraam dat hierdie getalle skerp gaan styg oor die volgende dekade. Sterftes as gevolg van vigs gaan meer wees as alle ander oorsake van dood in volwassenes van ekonomies aktiewe ouderdom.

MIV beïnvloed meestal jonger mense - omtrent die helfte van alle volwassenes met die siekte raak geïnfekteer voordat hulle 25 jaar oud is. Infeksievlakke in tieners (15 tot 19 jaar oud) het eerste 'n matige afname getoon. Maar die voorkoms van die siekte in die ouderdomsgroep bo 20 jaar is steeds hoog. Meer as 50 persent van hierdie jongmense sal sterf aan vigs voordat hulle 35 jaar oud word.

Geslagsverskille is ook groot. Vroue dra die meeste risiko tussen 15 en 20 jaar, terwyl mans hulle grootste voorkoms van die siekte 'n paar jaar later toon.

Hoe word MIV oorgedra?

MIV kom voor in bloed en seksvloeistowwe. Dit beteken dat jy geïnfekteer kan raak deur

onbeskernde penetratiewe seksuele omgang (98 persent van alle infeksies in Suid-Afrika vind so plaas), deur kontak met geïnfekteerde bloed en bloedprodukte en deur naalde en inspuitings met 'n MIV-positiewe persoon te deel. Die virus kan ook oorgedra word vanaf 'n geïnfekteerde ma na haar kind gedurende swangerskap, geboorte of deur borsvoeding.

Navorsing wys dat dit maklike is vir 'n vrou om geïnfekteer te raak deur onveilige seks met 'n geïnfekteerde man as andersom.

Hoe tas MIV die liggaam aan?

MIV val die immuunstelsel aan en verswak dit sodat jou liggaam naderhand nie meer enige infeksies kan keer nie. Die aantal gesonde witbloedselle waaruit jou immuunstelsel bestaan (T-selle of CD4 limfosietselle genoem) neem af, en hiermee saam neem jou liggaam se vermoë om infeksies te beveg, ook af. 'n Gesonde persoon se CD4-telling is van 900 tot 1200. Iemand met MIV se telling neem kort na infeksie af tot 500 en daal daarna tot onder 50, namate die siekte sy loop neem.

Hoe word MIV beheer?

MIV word gewoonlik met baie sterk medisyne, wat Hoogs Aktiewe Antiretrovirale Terapie (HAART) genoem word, beheer. Die siekte word ook met kombinasiterapie beheer. Kombinasiterapie beteken dat 'n mens drie of vier verskillende medikasies neem wat keer dat die virus meer word, en keer dat nuwe MIV replikas ander selle besmet. Die aantal MIV in die liggaam word so verminder.

Jy moet streng by die voorskrifte hou. Dis nogal moeilik as jy nie wil hê dat mense moet weet dat jy geïnfekteer is nie. Dis ook moeilik om vol te hou oor baie jare.

Die medisyne is ook te duur vir die meeste Suid-Afrikaners (gemiddeld R2500 per maand).

'n Ander, minder gebruikte, maar meer bekostigbare behandeling, is antiretrovirale terapie (ARV).

Ongelukkig is MIV 'n hoogs aanpasbare virus en daar begin vorme van die virus ontstaan wat immuun is teen bekende medikasies. Die medikasies pas ook nie by almal nie en hulle langtermyn nuwe-effekte is ook nog nie bekend nie.

Nie-mediese behandelings gee ook goeie resultate, soos byvoorbeeld om sekere vitamienes en minerale in gereelde hoë dosisse te neem, sekere kruiemiddels (soos Moducare), diëte spesifiek vir MIV, oefening en dies meer. Die meeste Suid-Afrikaners kies hierdie behandelings omdat hulle maklik is, min kos, en omdat hulle bang is mense kom agter hulle is MIV-positief.

As jy meer wil weet, bel The AIDS Hotline 0800-0123-22.

Bronne:

- <http://www.unaids.org/en/media/fact+sheets.asp>